

Dinsdag 3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 14:9-13; 16:12-16; 19:5-10; 20:1-6; 22:6, 7, 10-21	Fokusgedeelte: Openbaring 1:1-3
--	--

Jesus verskyn tot ons verlossing (3)

Die woorde beteken vir ons ook dat ons op alles in God se Woord moet let. Dit gaan oor die geheel: ons kan nie net stukke daarvan gebruik of vashou nie. Daar is 'n eenheid en volheid in die openbaring van God en dit moet ten volle in ons indring.

Waarom? "Want die tyd is naby!" Die verwerkliking van die inhoud van die openbaring het reeds begin en die vervulling daarvan is voor die deur. Al sou dit eeue duur, sal die gelowiges al hoe nader aan die einde al hoe skerp die pyn van die aanslae van die antichris en sy magte voel – maar genadiglik wag die verlossing en saligmaking aan die einde daarvan.

Hoe swaar dit gaan wees om die Bybel te bly lees en verkondig, word met die openbaring rondom die tweede saligspreek duidelik, want die tweede saligspreek vertel juis van die ellendes wat die aarde gaan tref en wat die Here daaraan gaan doen. Drie engele kondig die oordeel van die Here aan. Die derde een waarsku ernstig dat ons nie die dier en sy beeld moet aanbid nie. Ons moet op geen manier aan sy aktiwiteite deelneem nie: ons moet nie eers sy merkteken op ons voorkoppe of op ons hande ontvang nie.

Die engel kondig die verskriklike straf van die Here aan vir die mense wat in hierdie vervalste godsdiens gaan verval.

Die straf wat die Here oor hierdie mense voltrek, is globaal en individueel: dit betrek die hele groep, maar ook elke sondaar/ongelowige afsonderlik. Natuurlik is dit ons Here Jesus wat die straf voltrek. Sy kruisdood was juis om almal wat Hom as Verlosser verwerp, te straf – sodat ons nooit weer enige sonde of ellende sal raakloop wanneer Hy ons in sy ewige heerlijkheid opneem nie.

Sing: Skrifberyming 11-1:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)